**Dinsdag 21 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 35:1-35**
**Fokusgedeelte: Eksodus 35:5**
**God voorsien Self alles wat Hy vra in ons dienswerk aan Hom**
God vra offergawes van sy volk om ’n heiligdom op te rig. Ons lees hoe die Israeliete goud, silwer, brons en baie meer gee vir die heiligdom. Kundige vakmanne vervaardig met groot vernuf alles wat nodig is. ’n Offer is dit wat jy uit jou hart gee of opoffer vir die Here. Dit laat ons ook dink aan die grootste offer ooit – ons Here Jesus wat Homself as offer aan die kruis vir ons gee.
Hierdie offers moet kom uit hulle besittings, sê vers 5. Alles wat jy is en wat jy besit, kom van die Here. Wat besit ons wat ons nie ontvang het nie? Om uit jou besittings te offer, is om iets terug te gee. God gee eers – dan vra Hy jou offers. Hy vra nooit iets wat ons nie kan gee of doen nie. Die Here het beveel dat die Israeliete hulle offergawes moet gee. Hy het die reg om van ons te eis. Tog sê Hy dat elkeen wat in sy hart gewillig is, die offergawe moet gee. Om bloot uit plig te gee, is nie ’n offer wat die Here wil hê nie. Ons moet uit dankbaarheid wil gee. Daar kan alleen ’n wil wees om te offer wanneer jy gedryf word deur jou liefde vir Hom wat alles aan jou mildelik gee. Sonder ’n lewende verhouding met God wil ons nie. Vers 5 sê ook die Israeliete gee nie in die eerste plek vir die oprig van ’n heiligdom nie – hulle offer vrywillig aan die Here. Ons offers, ons daad van gee, is altyd aan God Self. Ons leef mos heel eerste in ’n verhouding met Hom. ’n Mooi verhouding is ’n vrygewige verhouding. Romeine 12:1: *Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.*
*Sing: Psalm 119-1:6, 7*
*Ds. HJ Briel (Hennie) (Kimberley/Boshof)*